# God se Vreemde Opdragte 4



Hierdie Bybelspeletjies is geskryf om jou te help om weer jou Bybel te leer ken. Om te besef dat die God van die Bybel se tyd, nogsteeds dieselfde God van vandag is, en dat dit tyd is dat ons Hom weer leer ken. In hierdie speletjie kyk ons na die vreemde opdragte wat God aan Sy kinders gegee het.

## Leidrade: Wie is ek?

- Ek was 'n Rigter gewees
- Die Engel van die Here het my 'n "dapper man" genoem.
- Ek het die Here twee keer gevra om vir my 'n wonder te doen, sodat ek seker kon wees dis Hy wat met my praat.

God het twee vreemde opdragte aan hierdie man gegee. Gebruik die woorde hieronder om te kyk of jy die vermiste woorde kan invul en so die opdragte kan voltooi.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Oorwinning | fakkel | ander | red | 300 |
| Erdekruike | ramshoring | huistoe | kruike | |

### God kan red deur min:

God het gesê dat Hy ons sal ____________deur _______________man, die _______________

moet _____________________________ gaan.

### God het nie wapens nodig nie:

God het vir ons gesê om 'n ____________________ oor 'n ______________________ te sit.

Wanneer ons op die ________________________ blaas, moes ons die __________________

breek. So het God die ____________________________________ vir ons behaal.

## Antwoorde:

Wie is ek?  Gideon

## God kan red deur min:  Rigters 7:2-7

God het gesê dat Hy ons sal red deur 300 man, die ander moet huistoe gaan.

## God het nie wapens nodig nie:  Rigters 7:16-21

God het vir ons gesê om ‘n erdekruik oor ‘n fakkel te sit. Wanneer ons op die ramshoring blaas, moes ons die kruik breek. So het God die oorwinning vir ons behaal.

## Ekstra vrae wat jy kan gebruik:

1. Watter twee wondertekens het Gideon vir God gevra om vir hom te doen, sodat hy seker kon wees dat dit God is wat met hom praat? (Rig 6:36-40)

2. Hoekom wou God Gideon in ‘n geveg instuur met net 300 man, as daar 32 000 manne was wat kon gaan veg het? (Rig 7:2)

3. Hoe het God die 300 man gekies? (Rig 7:3;5)

4. Waarom het God die manne nie laat veg met wapens nie, maar ‘n vreemde opdrag gegee om fakkels en erdekruike te gebruik? (Rig 7:15)

## Antwoorde:

1. 1ste teken – as hy ‘n stukkie vlieswol op die dorsvloer sit en daar kom dou op die wol terwyl die grond droog bly. 2de teken – net die wol moet droog wees, terwyl daar oral op die grond dou is.

2. Israel sou teen God gespog het en gesê het “Ek het myself gered”

3. ***Rig 7:3*** - Die wat bewe en bang is moes teruggaan huistoe. ***Rig 7:5*** – Die wat water met die hand opskep om te drink het geveg – die ander wat dit soos ‘n hond met die tong opgelek het, moes teruggaan huistoe.

4. God het gewys dat dit Hy is wat die oorwinning behaal het, want die manne het nie eers wapens by hulle gehad nie – HY het die leër van Midian in hulle mag oorgegee